# VEREISTES VIR VOORLEGGING VAN BOEKE/HOOFSTUKKE IN BOEKE

Die nuwe beleid van die Departement van Hoër Onderwys & Opleiding (DHOO) vereis dat die volgende inligting ingedien moet word vir publikasies wat in bogenoemde kategorie voorgelê word vir subsidiedoeleindes.

Boeke kwalifiseer vir 10 subsidie-eenhede en Hoofstukke in Boeke vir 1 subsidie-eenheid.

## Dokumentasie/inligting wat deur die outeur verskaf moet word:

1. **Harde kopie van die boeke**.
   1.1. In geval van e-boeke moet ‘n gebinde kopie van die **volledige** uitdruk van die boek aan die navorsingskantoor verskaf word.
2. ‘n Geskrewe motivering/verklaring (maksimum 500 woorde), onderteken deur die outeur van die boek of die redakteur (in geval van hoofstukke in boeke), waarin die volgende inligting vervat word:
   2.1. ‘n Uiteensetting tov die bydrae wat die boek maak tot bestaande kennis in die veld moet die publikasie vergesel. Let asseblief op dat dit nie verwys na ‘n abstrak van die boek of voorwoord nie, maar moet eerder die metodologie sowel as die unieke bydrae wat die publikasie tot bestaande kennis in die veld maak, uiteensit. Dit moet baie duidelik wees dat die publikasie oorspronklike navorsing is en ‘n nuwe bydrae tot die betrokke dissipline lewer.
   2.2. As deel van die motivering moet daar duidelik aangetoon word dat daar geen plagiaat plaasgevind het of dat die werk reeds elders gepubliseer was nie.
   2.3. Die teikenmark moet duidelik aangetoon word. Indien hierdie inligting reeds in die publikasie gemeld word, moet dit duidelik aangetoon word met ‘n merker in plaas daarvan dat dit in die motivering aangetoon word.

   In gevalle waar aangetoon word dat die teikenmark (voor)graadse student is en/of ‘n wyer gehoor, moet ‘n uiteensetting omtrent die akademiese wetenskaplikheid van die publikasie voorsien word.
3. In die geval van ‘n tweede of later uitgawe wat vir subsidie voorgelê word, moet duidelik aangetoon word dat daar nuwe navorsing plaasgevind het. Die outeur moet ook ‘n duidelike verklaring indien wat aantoon watter dele nuwe navorsing is. Dit is noodsaaklik dat ten minste 50% of meer van die publikasie nie reeds elders gepubliseer is nie. Die vorige weergawe van die publikasie moet ook ingedien word. Die uiteensetting moet by die motivering deur die outeur ingesluit word.

4. **Proefskrifte en tesisse** wat as boeke gepubliseer is moet duidelik as sulks geïdentifiseer word en daar moet bewys gelewer word dat dit *substansieël* verwerk en addisionele navorsing uitgevoer is. Die outeur moet 'n verklaring indien waarin duidelik aangetoon word watter dele nuwe navorsing is. Die verklaring moet by die motivering ingesluit word. Die vorige weergawe van die publikasie moet ook ingedien word.
5. In gevalle waar die boek in 'n ander taal as Engels is, moet die outeur 'n opsomming van een bladsy in Engels indien. Enige addisionele inligting moet ook in Engels ingedien word.
6. Laat voorleggings moet vergesel word van 'n amptelike motivering waarin die rede vir die laat indiening uiteengesit word. Dit moet onderteken word deur die outeur of hoof van die department.

## Dokumentasie wat ingedien moet word deur die uitgewer/redakteur

1. Bewys van die **<u>proses</u>** van eweknie-evaluering wat **voor publikasie** plaasgevind het, moet ingedien word ('n blote stelling dat evaluering wel plaasgevind het is onvoldoende; die proses wat gevolg is, moet verduidelik word). Hierdie bewys van eweknie-evaluering moet duidelik en onafhanklik wees.
   1.1. Tensy dit 'n geval van blinde eweknie-evaluering was, moet die name en affiliasies van keurders genoem word.
   1.2. Daar moet duidelik aangetoon word of keuring op grond van die hele manuskrip of slegs die voorstel plaasgevind het.
   1.3. Indien moontlik moet die keuringsverslae ingedien word ten einde die kans op sukses van die voorlegging te verbeter.
   1.4. Ander tipe verslae wat na publikasie verskyn het kan ook ingedien word tesame met die keuringsverslae (wat voor publikasie gelewer is)
   1.5. Template of generiese verklarings omtrent die evalueringsproses wat gevolg is, is onvoldoende. (In die verlede het ons verklarings van verskillende uitgewers ontvang wat feitlik identies was.)
2. In geval van hoofstukke in boeke moet 'n motivering deur die redakteur verskaf word (sien punt 2 in die vorige hoofopskrif)

## Die volgende tipes publikasies kwalifiseer nie vir subsidiedoeleindes nie:

- Proefskrifte en tesisse
- Teksboeke, professionele handboeke en studiegidse
- Verwysingsboeke, woordeboeke en ensiklopedieë
- Toesprake van enige aard

- Verslae wat die resultaat van kontrak- en ander tipe opdragnavorsing is
- Fiksie
- Inleidings en gevolgtrekkings (tensy die hele boek vir subsidie voorgelê word
- Boek resensies
- Tweede, derde en latere uitgawes van boeke kwalifiseer nie vir subsidie nie tensy dit substansieël verwerk is en nuwe navorsing gelewer is. Lg moet duidelik uitgelig word in ‘n verklaring wat so ‘n latere uitgawe vergesel.
- Vertalings